

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

July 2020 Edition 2



Centres readied for little ones' return
Page 5



Being clean and sober is addict's new high
Page 7



STAY SAFE
PROTECT SOUTH AFRICA
TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS

COVID-19 is dangerous and we must take care

WITH 196 750 coronavirus cases and 3 199 deaths recorded by 5 July, government is again urging citizens to protect themselves and adhere to lockdown regulations.

Allison Cooper

South Africa is seeing a fast rise in its number of coronavirus (COVID-19) cases and government expects infections to surge in July and August.

The word surge entails a sudden and big increase in the number of positive cases, as recently seen in Gauteng, where the number of infections has grown to over 63 400 in a short period of time.

Health Minister Zweli Mkhize explains that various factors will contribute to the surge, including people moving around more; people getting together in groups; and people not wear-

ing face masks and not social distancing.

As a result of the increasing number of cases, President Cyril Ramaphosa has extended the employment of 20 000 South African National Defence Force (SANDF) members from 27 June until 30 September.

Apart from helping to maintain law and order and protect the country's borders, the SANDF will work with the National Department of Health in managing the virus through the provision of field hospitals, medical screening and quarantine facilities. It will also support the Department of Cooperative Governance and Traditional Affairs' efforts to maintain and enhance the



President Cyril Ramaphosa has extended the deployment of 20 000 South African National Defence Force member until 20 September to help manage the virus.

living conditions of the population. This will include the supply of water.

After visiting Mpumalanga on 3 July, President Ramaphosa said he was pleased with the province's efforts to fight the

virus. Mpumalanga is one of the least affected provinces. At the time of the President's visit, it had 1 478 cases, with 520 recoveries and nine fatalities.

He warned, however, that while more industrialised prov-

inces with bigger populations had far more cases, the surge in infections would hit all regions. People must not let their guard down, he said.

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:




Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

 Vuk'uzenzele  @VukuzenzeleNews

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE



'n Spesiale huldeblyk aan ons gesondheidswerkers



Die aantal sterftes weens die koronavirus het onlangs 2 000 oorskry. Onder diegene wat hul lewens verloor het, is gesondheidsorgwerkers en toegewyde professionele mense wat nie net na die siekes omgesien het nie, maar ook ondersteuning en vertroosting aan pasiënte wat geïsoleer en sonder hul geliefdes in die hospitaal was, gebied het.

Dit is 'n verpletterende terugslag dat die mans en vroue wat dié edelste en heiligste plig uitvoer, self siek word en sterf.

Hulle staan aan die voorpunt van die stryd teen dié pandemie. Hulle werk onder erge druk en dra ook die sielkundige las van die wete dat hulle self die risiko loop om die virus op te doen. Hulle is die ware helde en heldinne van ons stryd teen die koronavirus.

Ons bring hulde aan dié dapper Suid-Afrikaners wat hulle woonplekke, gesinne en geliefdes agterlaat om elke dag getrou vir diens by klinieke, hospitale en ander gesondheidsfasiliteite, aan te meld. Hulle verskaf mediese sorg, administratiewe ondersteuning en ander dien-

ste soos skoonmaakdienste en spyseniering.

Net soos hulle hul professionele plig uitvoer, het ons ook 'n plig teenoor hulle en hul gesinne. Hulle gesondheid en veiligheid is van die uiterste belang.

Ons bring hulde aan hulle en ondersteun hulle as die mans en vroue wat wys dat hulle bereid is om hul lewens in gevaar te stel, sodat ons kan lewe.

Om hulle reusetaak te kan uitvoer, het hulle nie net ons ondersteuning nodig nie, maar hulle moet ook beskerm word deurdat persoonlike beskermende toerusting (PBT) aan hulle voorsien word.

Deur die ondersteuning van die Solidariteitsfonds en donasies van talle individuele Suid-Afrikaners, besighede en stigtings, sowel as ander regerings, kon ons die nodige beskermende toerusting vir dié dapper frontliniewerkers, aanskaf. Waar daar 'n tekort aan PBT in hospitale is, skenk ons hospitale dringend aandag aan die tekorte om seker te maak dat daar voldoende voorraad is.

Ons weet dat toegang tot PBE nie die enigste uitdaging is wat

ons gesondheidsorgwerkers in die gesig staar nie. Die land se klinieke en hospitale ervaar ook landwyd 'n tekort aan personeel. Daar word aandag aan dié probleem geskenk.

Ter ondersteuning van die werk wat ons frontliniewerkers regdeur die land doen, word ons ministers en adjunk-ministers na elk van die distrikte ontplooi sodat hulle 'n idee kan kry van spesifieke uitdagings in die verskillende distrikte en om met provinsiale gesondheidsowerhede saam te werk.

Ons moet saam werk om nie net die gesondheid van ons frontliniewerkers nie, maar ook dié van die hele werkerskorps te beskerm.

Die vakbonde het reeds deeglike werk gedoen om hul lede oor infeksiebeheer en -voorkoming, sowel as higiëne, in te lig. Hulle ondersteun ook die werk van die Departement van Indiensneming en Arbeid betreffende werkplekinspeksies om te verseker dat gesondheids- en veiligheidsprotokolle vir terugkerende werkers, ingestel is. Baie van ons vakbonde verskaf ook koronavirusinligting aan hul lede en werkgewers hou

bewustheidsveldtogte.

Een van die uitdagings wat in ons land vorendag gekom het is die stigmatisering van mense wat positief vir die koronavirus getoets het. As 'n samelewing, het ons die gemeenskaplike verantwoordelikheid om die stigmatisering van mense wat die koronavirus het, met wortel en tak uit te roei. Daar is ontstellende berigte van individue wat uit hul gemeenskappe verstoot word en van gemeenskappe wat teen koronaviruspasiënte wat by plaaslike hospitale en klinieke opgeneem is, betoog. Dit moet stopgesit word.

Net soos wat ons saamgestaan het om die aanvaarding van mense wat met MIV lewe te bevorder en ons teen viktimsiering verset het, moet ons nou begrip, verdraagsaamheid, welwillendheid, empatie en deernis teenoor diegene wat die virus het, asook vir hulle gesinne, toon.

Daar word gesê dat stigmatisering aangehits word deur die vrees om die siekte te kry en 'n gebrek aan begrip. Die beste manier om ons instinktiewe vrees vir siekte en aansteeklikheid te oorkom is om die higiëneprotokolle wat ingestel

is, na te kom. Die vrees vir aansteeklikheid is gegrond en werklik. Ons weet egter wat ons moet doen om onself en ander te beskerm.

Ons weet wat die virus veroorsaak en wat ons kan doen om te keer dat ons dit opdoen. Ons weet dat ons sosiale distansiering moet handhaaf, onself moet isoleer as ons kontak gehad het met iemand wat die virus het, en na 'n hospitaal moet gaan as ons simptome het.

Ons moet steeds gelei word deur feite en nie deur gerugte nie.

Die tyd toe mense kon sê dat hulle niemand ken wat die koronavirus het of daardeur geraak word nie, is lankal iets van die verlede. Ons vriende, families, kollegas en bure het ons empatie en ondersteuning nou, meer as ooit, nodig.

Ons sal soms in die dae, weke en maande wat voorlê, wanhopig en angstig word namate ons sien dat die aantal mense wat die virus onder lede het en wat daaraan sterf, toeneem. Dinge het dalk vererger, maar ons is seker dat dit weer beter sal word. Ons wetenskaplikes en mediese raadgevers sê vir ons dat die infeksiekoers sal styg namate ons nader aan die hoogtepunt beweeg. Dit sal egter beslis weer daal.

Ons bring hulde aan die gesondheidsorgwerkers wat hulle lewens verloor het terwyl hulle na siekes omgesien het. Ter nagedagtenis aan hulle, moet ons onself en ons medeburgers veilig hou deur ons deel te doen.

Ons sal hierdie virus oorwin en ons samelewing herbou. Ons het donkerder tye beleef en ons het geseëvier.

Kom ons bly sterk en dapper terwyl ons saam werk om lewens te red.

COVID-19 JONGSTE NUUS

Jong boer ontvang COVID-19-steun

'N OPKOMENDE Oos-Kaapse boer is een van die begunstigdes van die regering se Koronavirusverligtingsfonds.



■ **Nomagcinandile Suduka** het haar gesin se bestaansboerdery in 'n klein besigheid omskep.

Silusapho Nyanda

Nomagcinandile Suduka (27) ontwikkel haar gesin se nalatenskap en welvaart deur in landbou te belê.

Die eienaar van 4 U and 4 Me Primêre Koöperasie in die Mooiplaas-gemeenskap, het ondersteuning van die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling se Koronavirus- (COVID-19) verligtingsfonds vir haar eier-, vee- en groenteplaas, ontvang.

Die departement het R1.2 miljard se ontvangsbewyse aan behoeftige boere toegelê.

Suduka sê dat haar ontvangsbewyse haar sal help om haar onderneming se eierproduksie te verbeter. "Ek het drie

ontvangsbewyse van altesaam R19 000 ontvang. Dit sluit in 'n ontvangsbewys van R12 000 om hoenders wat eiers lê, aan te koop, 'n ontvangsbewys van R6 500 om voer te koop en 'n R500-ontvangsbewys om medisyne te koop."

Sy het haar eierboerdery begin deur haar gesin se tradisionele hoenders lêmeel te voer, wat hulle in staat stel om eiers te lê sonder om te paar. Haar 50 hoenders produseer nou 50 eiers per dag, wat sy weekliks verkoop.

Suduka, wat ook met 73 bokke, 25 skape en 25 koeie boer, het in 2015 begin boer nadat sy haar N6-sertifikaat vir Openbare Bestuur by Ikhala Opleidings- en Beroepsonderwys en Opleidingskollege, verwerf het. Toe sy besef het dat daar nie baie werksgeleenthede is nie, het sy besluit om haar

gesin se destydse bestaansboerdery oor te neem en dit in 'n winsgewende onderneming te verander.

Suduka sê: "Ons het met boerdery grootgeword; ek het dus nadat ek gegradueer het, besluit om te boer, eerder as om werk te soek."

Dit was 'n geïnspireerde besluit, aangesien sy die aantal bokke en koeie vermeerder het.

Suduka se groenteplaas van ses hektaar, lewer mielies, aartappels, ertjies en boontjies. Die mielies word op vier hektaar geplant, die aartappels op een hektaar en die ertjies en boontjies deel die laaste hektaar.

Suduka het baie van COVID-19 geleer, veral dat haar beste bates haar hande en harde werk is. **U**

Grow your own food and save money

Silusapho Nyanda

Agardener in Kwa-Zulu-Natal has proven to be a smart businessman, selling his home-grown produce to put money in his pocket. This is thanks to the One Home, One Garden and Fruit Tree programme aimed for Kwa-Zulu-Natal residents.

Muziwakhe Nsele (42) is a popular man in Hlathini, a village near Melmoth where he lives and sells vegetables such as beans, cabbage and potatoes.

Nsele's business grew in leaps and bounds following the outbreak of the coronavirus (COVID-19), with people buying from him rather than travelling

to the shops.

With his profit, Nsele has bought six goats and plans to expand his agriculture business. "I will also be investing in layers and broiler chickens to expand my income streams through the sale of eggs and whole chickens," Nsele says.

The father of six says his business received a boost from the One Home, One Garden and Fruit Tree programme run by the province's Department of Agriculture and Rural Development (DARD).

The programme encourages people to start gardening at their homes as a means of fighting poverty and Nsele received seeds, fertiliser and advice from DARD.



■ **Muziwakhe Nsele** is becoming a successful businessman, thanks to his vegetable garden.

DARD MEC Bongive Sithole-Moloi says the One Home, One Garden and Fruit Tree programme assists families that are suffering because of COVID-19.

She says: "The programme

remains a crucial seed for a sustainable rural economy and with specific interventions and support from DARD, it can reduce and eliminate poverty through subsistence farming." **U**

To be part of the programme, visit the office of DARD at your local municipality. The contact details of the DARD offices can be found on the department's website www.kzndard.gov.za. Alternatively, call the department at 033 355 9100.

Tips on how to start a garden:

- Make sure you know which plants your soil will support.
- Ready your garden by first ploughing the land more than once without planting.
- Add fertiliser.
- Remove all weeds.

Sy bou 'n beter lewe

Drie-en-twintigjarige Silondiwe Magwaza, het vanuit nederige omstandighede in die KwaNongoma-gemeenskap, KwaZulu-Natal, talle struikelblokke oorkom om haar droom om 'n konstruksiebestuurder te word, te verwesenlik.

Deur in 'n omgewing groot te word waar sy deur swak infrastruktuur omring was, is Magwaza gemotiveer om nuwe maniere te vind om haar gemeenskap op te hef. Sy is nou die eerste lid van haar gesin wat 'n graad verwerf het.

Magwaza het in 2019 haar graad in konstruksiestudies aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf.

"KwaNongoma het baie swak infrastruktuur en dit lyk of die verskaffing daarvan baie stadig gebeur. Ek is aangemoedig om iets wat aan konstruksie verwant is te doen, sodat ek een van die mense kan wees wat toestande

daar kan verander," sê sy.

Om haar graad te verwerf was nie 'n maklike taak nie. Magwaza sê dat dit moeilik was om te konsentreer omdat sy haar voortdurend oor befondsing bekommer het. Die Munisipale Infrastruktuur Ondersteuningsagentskap (MISA) het toe hulp aangebied.

"Ek my baie oor befondsing bekommer, aangesien ek uit 'n benadeelde agtergrond kom. Maar dit het in 2018 verander toe ek 'n beurs van MISA ontvang het. Dit het my gehelp om my graad sonder enige verdere spanning te voltooi. Alles was betaal en ek kon net op my studies fokus," sê sy.

Magwaza is een van honderde studente wat jaarliks deel van MISA se jeugontwikkelingsprogramme is. Die programme verskaf befondsing en steun en help studente om werk te kry wanneer hulle gekwalifiseer is.

"Ek het regtig uitgesien na



■ Danksy befondsing van MISA is Silondiwe Magwaza die eerste gegradueerde in haar gesin is.

ons gradeplegtigheid. Dit sou baie beteken het, aangesien ek die eerste een in my gesin

sou gewees wat 'n graad het. Ek hoop steeds dat ons 'n gradeplegtigheid sal hê, maar

dit sal dalk as gevolg van die koronaviruspandemie nie moontlik wees nie," sê sy.

Die konstruksiebedryf bestaan hoofsaaklik uit mans. "Soms word vrouens verkleineer omdat daar aan hulle vermoë om verandering mee te bring getwyfel word. Soms word hulle stemme nie gehoor nie.

"Ek het nogtans konstruksiebestuur gekies omdat ek glo dat ek die mag het om die bedryf, waar nodig, te verander en te verbeter. Ek het gesien hoe vroue in dié bedryf topposisies bereik en invloedryk is. Ek glo dat ek dit ook kan maak," sê sy. **U**

MISA-beurse word vanaf September op www.misa.gov.za, Facebook @MISA, op Twitter @MISA_CoGTA en op Instagram @MISA-CoGTA, geadverteer.

Don't share fake news!

Allison Cooper

Nelisiwe Dlamini (30), a researcher at the Council for Scientific and Industrial Research (CSIR), says it's important to verify stories from social media, especially those about the coronavirus (COVID-19), before sharing them.



■ Passionate researcher at the CSIR, Nelisiwe Dlamini, warns South Africans, especially the youth, not to share fake news because it creates panic especially during the COVID-19 pandemic.

"Some young people are becoming ringleaders of the spread of false information. This has the potential to create panic," she says.

Since the outbreak of COVID-19, the CSIR has created a dashboard to assist government and health institutions to track the spread of misinformation, in order to avoid unnecessary public panic. The dashboard categorises information as misinformation (misleading content), disinformation (information that is untrue and mal-information (hate speech).

Dlamini is part of the team that does research and also helps categorise information in

the dashboard.

A data dashboard is an information management tool or website that tracks, analyses and displays information to monitor the performance of a business or department.

According to Dlamini, social media platforms become a great danger when used to share false information. "Whether it's with the intention to harm or not, it creates social conflict, distracts people from the real issues and undermines government's, public authorities' and other organisations' efforts to curb the spread of COVID-19 and maintain social order."

She says there are numerous ways to identify fake news, including reading the whole story and not just the heading, being critical of everything you read and examining the source of the story.

"Reporting fake news is necessary, as it will help to

take down fake news stories from multiple platforms," says Dlamini.

A journey to research

Dlamini joined the CSIR in 2014, when she was awarded a studentship to pursue her MSc Computer Science degree. "It was a foot in the door for me and has since afforded me great opportunities," she says.

She was also awarded a grant from the Young Researcher's Establishment Fund, which she sites as a wonderful opportunity in her career.

Born in Pinetown, KwaZulu-Natal, Dlamini says women hoping to follow in her footsteps need to be interested in and have a passion for research.

To become a researcher, learners need to take maths and science in high school. "After school I studied computer science and informa-

tion systems and technology, which laid a strong foundation for me," says Dlamini, who also holds a BcomHon Information Systems and Technology degree.

She didn't always know she wanted to be a researcher. "When I joined the CSIR, I was so amazed by the multi-disciplinary research that is done to make a difference in our country," she says.

This Women's Day, Dlamini says if there was ever a time for women to be bold and do everything they have ever wished to do, it is now. "We need to support each other and unite and always remember to celebrate each other. This alone will propel us." **U**

You can report fake news by emailing fake-newsalert@dtps.gov.za, sending a WhatsApp to 067 966 4015 or on the website www.real411.org.